Terblanche en vir die verklaring, drie keer.

Drie keer goed, ons sal daarby kom. Nou het haar moeder julle vergesel na Stander toe? --- Nee.

Hoekom nie? --- Die eerste keer met die assessering het ek gevoel ons moet neutraal bly dat ek nie kan sê pa of ma het haar beïnvloed nie so ek het haar gevat.

U het dit nie gesê nie. Goed, maar u teken die verslag. Nou het u na die assessering vir Swanette na u kantoor ontbied? --- Ja, hulle was daar, ja.

Hoekom? --- Om vir hulle te verduidelik van die bevinding.

Het u vir Swanette gesê dat haar paar... dat Megan 'n geruime tyd deur haar pa verkrag word? --- Ek het vir haar gesê dat sy verkrag geword was deur haar pa, ja.

Hoe het u dit geweet? --- Dit is wat Wilma vir my gesê het . Haar privaat in sy privaat, verkragting en ek het dit vir hulle gesê.

gepraat nie.

Glad nie oor die voorval nie? --- Glad nie. Nou, waar het u vir Me Raaths dit gesê, by u kantoor? --- By my kantoor. Hulle het op my foon het al gesê hulle moet kom maar dit blyk asof dit maar ek wil met hulle persoonlik praat.

Was sy alleen? --- Sy was saam met haar ma daar.

Was u alleen? --- Ja.

Goed nou wat was haar reaksie? --- Sy was baie hartseer en sy kon nie glo dat dit waar is nie.

Het sy vir u gesê ek ka dit nie glo nie? --- Ja sy het.

En toe maak u 'n afspraak met Dr Grawe nadat u nou ingelig is wat die resultaat van die assessering was? --- Ja.

U Edelagbare, ek weet nie of u op hierdie stadium wil verdaag

Het u aan Dr Grawe gesê, enige iets gesê wanneer hierdie molestering sou plaasgevind het, vanaf watter datum? --- Nee, nie wat ek kan onthou nie, nee.

Ek kan nie hoor nie. Se u, u kan nie onthou nie? --- Ekskuus, ek weet nie. Ek weet regtig nie.

Het u gesê dit het plaasgevind vandag sy sewe jaar oud is of nie? --- Nee.

Dit is wat Dr Grawe se u het gesê. Ek kan dit miskien net vir u lees? --- Ek weet Wilma het dit gesê in haar verslag.

Maar u het dit nie vir Dr Grawe gesê nie? --- Nee.

Ek lees net vir u op bladsy 247 datum 14/05/2015 U Edelagbare,

dan kan u dit miskien opklaar vir ons? --- Ek het die notas in die kar gelos.

Nee, ek gaan dit lees vir u? --- Sekerlik.

Goed:

"Ek wil dit net korrigeer, sy het dit net nie vir myself gesê nie maar ek het in my notas geskryf, die kind gee inligting van vaginale penetrasie van sewe jaar ouderdom af."

Dan gaan sy verder en op bladsy 253 sê sy dat:

"Sy, dit is nou u, het ook vir my gesê op daardie inligting wat ek reeds gesê het."

Met ander woorde, dit wat die kind vir haar gesê het maar u se u het nooit [tussenbei]

HOF: Dit gaan net ... lees het die res.

MNR SCHNETLER:

"Oor wat het julle gepraat. Ek vra vir haar hoekom is hierdie kind hierso. Die kind kom vir 'n mediese ondersoek. Hoekom is die kind hier vandag? Sy het vir gesê die kind is die vorige dag verwyder. Sy het ook vir my gesê daardie inligting wat ek reeds gesê het, dat die kind het daardie inligting gegee."

Met ander woorde, verwys sy terug na bladsy 247.

HOF: Maar as u die eerste bladsy wat u uitgelees het, klink dit asof sy juis sê dit het nie gekom van die dame nie maar van die kind af. Dit is hoe ek... lees net weer daardie stuk.

MNR SCHNETLER:

"Indien die kind vir u gesê het dit is pa of iemand uitgewys

het, sou u dit in u notas geskryf het, sy sê ja. Het u dit deurgegaan? Is daar so nota? Ek wil dit net korrigeer, sy het dit net nie vir myself gesê nie maar ek het in my notas geskryf die kind gee inligting van vaginale penetrasie van sewe jaar ouderdom of omdat ons die multiprofessionele ondersoek model gebruik ondervra ek nie die kind nie."

HOF: U kan dan voortgaan.

MNR SCHNETLER: Dankie so sy is verkeerd as sy dit gesê het vir u, as sy sê u het dit vir haar gesê? --- Ek dink nie ek het... ek het nie notas daarvan nie. Ek het haar gevat vir die ondersoek, dit is al wat ek weet.

Se u, u het dit nie vir haar gesê nie? --- Nie wat ek kan weet nie. Nie wat ek neergeskryf het nie.

Want u sien, ek wil dan weet waar kom sy aan sulke inligting. Sy sê sy het dit by u gekry? --- Ek weet nie.

En dan wil ek weer vir u vra, as 'n mens dit vir 'n oomblik aanvaar, het u dan Megan se weergawe geken en geweet dat dit vanaf sewe jaar ouderdom gebeur het? --- Ek het dit later in Wilma se verslag gelees maar ek het nooit met Megan daaroor gepraat nie. Ek het haar net verduidelik oor ons gaan oor, as iemand jou privaat vat moet jy dokter toe gaan en daarom het ek haar voorberei om dokter toe te gaan. Dit is al.

Goed as u my net 'n geleentheid gee Edelagbare. So net om vir u doodseker te maak hierdie beserings beteken nie dat dit veroorsaak is deur 'n penis nie want, u kan nie sê nie, korrek? --- Die besering is veroorsaak deur penetrasie.

gewees nie.

Ons weet dat die hymen kan nie teruggroei na sy oorspronklike posisie nie, is dit reg? --- Gewoonlik nie, ja.

Ja. Gewoonlik nie. En u kan nie ook sê watse tipe voorwerp daardie skeurtjies kon veroorsaak het nie? --- Nee, nee ek kan glad nie sê nie

...[tussenbeide].

HOF: Net op daardie ek is jammer ek gaan nou inmeng ek het net iets wat ek wil vra op grond van daardie vraag. Indien daar getuienis is dat sy en kinders van haar ouderdom vry-vry gespeel het, op mekaar gelê het, is dit enigsins moontlik dat 'n kind van daardie ouderdom penetrasie met hulle penis kon veroorsaak sulke tipe beserings? --- Met ander woorde 'n ander kind van haar ouderdom?

Ja, die getuienis is nie per sy penetrasie nie, ek vra net vir u? --- Ja ek dink dit is seker moontlik. Ons kan ongelukkig nie, hierdie kan nie sê wie en wat nie mens het ander inligting daaroor nodig. Dit is waar, maar dan is dit penetrasie, dit is nie iets wat toevallig gebeur nie, dit is nie soort van dit het toevallig gebeur nie, dan is dit penetrasie, maar ouer kinders kan ereksie kry.

Ek praat van haar eie ouderdom? --- Ons het dit al gesien.

Toe sy sewe was? --- Ons het dit al gesien.

MNR SCHNETLER: Dit kon ook met 'n vinger veroorsaak gewees het, daar dieselfde penetrasie? --- Ja.

Deur 'n ander kind? --- Dis penetrasie.

Deur 'n ander kind enige iemand, korrek? --- Penetrasie veroorsaak dit.

Die kind het datum is die 6de Mei om 12h00, by Kommissaris Hitchcock.
Volgens Kommissaris Hitchcock is dit nie noodsaaklik dat die opening binne
48 uur plaasvind nie, volgens S v Swart 2002(3) SA 451 (T) 2002(3)
SA ... die vroegste beskikbare datum is die 6de Mei 2007.

Megan was om 12h30 by Dr. Susan Gr...
en sy het genoem dat dit aan die Polisie aangemeld moet word. Sy het 'n J88 ingevul.
Sy het nie mondelikse terugvoer aan my verskaf nie.
Megan se Prokureur is Corne Lindeque. 083 560 3467


B Kerk/Ch... Booysen
...lon straat 1131 Street
BOOYSENS 0082

Posbus/PO Box 5025..
HERCULES 0030
E-pos/E-mail

Tel

te Pretoria str, Booysens met tele-
foon nr (012) - 3795860 (W). Ek het
ook die Sexual kit van Dr
Grabe ontvang by Elaine
du Toit wat reeds geseël
was deur Dr Grabe.

[signature]

Nou nadat u nou hierdie J88 ingevul het wat het u daarmee gedoen? --- Ek sal net kyk op my notas. Ek gee dit gewoonlik oor aan die polisie beampte ek sien in hierdie geval die polisie beampte het nie geteken hiervoor nie, maar ek gee dit gewoonlik oor aan die polisie beampte.

Goed, goed nou het u op enige stadium na die polisie toe gegaan om hierdie ding te beëdig of nie? Om hierdie A5 wat ek net nou vir u gewys het? --- Hulle kom gewoonlik na my toe.